# Vyf en sewentig jaar Kerkreg binne die Fakulteit Teologie vanweë die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

B J van Wyk
Universiteit van Pretoria

Abstract

Seventy-five years of Church Law in the Faculty of Theology of the Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Church Law has been taught for seventy-five years in the Faculty of Theology of the Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. This task has been done by two ministers of the Church, professors S P Engelbrecht (1921-1956) and A D Pont (1957-1992). To determine the standard of work done, their publications are judged by comparison with the church law of the Reformation, as defined by the presbyterial-synodal church concept. The study comes to the conclusion that the work was of a very high standard.

Die Kerklike Reg word vanaf 1921 op 'n vaste basis in die Fakulteit Teologie van die Nederduitsch Hervormde Kerk gedoseer. Professor S P Engelbrecht is toe aangestel om Kerk- en Dogmengeskiedenis te behartig. Hierdie opdrag is in 1957 deur sy opvolger, professor A D Pont, oorgeneem.

In die lig van die feesvieringe van die Fakulteit Teologie (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria wil hierdie artikel 'n bydrae lewer oor die wyse waarop die Kerklike Reg oor die afgelope vyf en sewentig jaar beoefen is en terselfdertyd reg laat geskied aan die twee dienaars van die Woord wat in besonder daarvoor verant-

woordelik was. Terselfdertyd word 'n poging aangewend om die peil van die beoefening van die Kerklike Reg bloot te lê, asook om die plek van die Kerklike Reg binne die teologiese ensiklopedie aan te dui. Die beginsels van die Reformatoriese Kerkreg soos verwoord in die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip, word as norm geneem waaraan die resultate binne die vak gemeet word.

Dit is nie moeilik om te verstaan waarom Kerkreg binne die raamwerk van die historiese vakke binne die Fakulteit gedoseer is nie. Die Kerkreg is afhanklik van die geskiedenis van die Christendom omdat, wanneer die Kerklike Reg as *ius constitutum* (soos die reg is) bestudeer word, die huidige en dan veral die kerklike verlede ter sprake kom. Om die huidige beginsels wat in die kerklike orde te voorskyn kom, volledig te begryp, is dit nodig dat die kerkregtelike verloop van die verlede in sy volle omvang bestudeer sal word. By die bestudering van die kerkregtelike verloop van die verlede word dit duidelik dat die Reformasie spruit uit 'n basiese botsing tussen twee verskillende kerkbegrippe, naamlik soos verstaan deur die Rooms-Katolieke Kerk en die kerk van die Reformasie. Wanneer dit uit die verlede duidelik word, kom meteens ook in die perspektief dat die kerkbegrip en Kerklike Reg nie net op die kerklike verlede aangewese is nie, maar ook op die dogmatiek en ook op die resultate van die navorsing binne die Ou- en Nuwe-Testamentiese wetenskappe.

Die kerkbegrip is nie net 'n suiwer historiese aangeleentheid nie, maar word veral deur die dogmatiese omskrywing van die begrip bepaal.

> Daarmee is dan tevens gezegd, dat het kerkbegrip uit de christelijke geloofsleer, anders gezegd: het kerkbegrip dat als 'locus de ecclesia' in de dogmatiek uit Schrift en confessie opbloeit en tegelijk naar Schrift en belijdenis genormeerd wordt, de lichtende ondergrond van alle kerkrechtelijke regelingen blijven moet.
>
> (Haitjema 1951:8)

Dit lei tot die beginsel dat Skrifbelydenis en kerklike orde in noue verhouding tot mekaar staan, '[m]its de eis van kerkelijk denken, dat er verband is tussen belijdenis en organisatie, worde vastgehouden. Ik heb vroeger geschreven dat de kerkorde niet met dezelfde geestelijke macht uit de Schrift wordt afgeleid als het *sola fide*. Maar de afleiding uit de bijbel dient vastgehouden' (Noordmans 1984:444).

Naas die historiese klem in die vak word dit ook duidelik dat sterk gebruik gemaak word van die dogmatiek want 'die dogmatiese omskrywing van die begrip, soos dit onder andere in die Nederlandse Geloofsbelydenis gevind kan word, bepaal die prinsipiële inhoud van die begrip *kerk*' (Pont [1983]:18). Omdat die Skrif *norma normans* in die kerklike lewe is, beteken dit dat in die relasie Skrif-belydenis-kerklike orde die Skrif altyd voorrang sal geniet. In die Kerklike Reg soos dit in die afgelope jare gedoseer is het die beginsel voorrang geniet en is die beginsel van 'n

skriftuurlik gefundeerde Kerklike Reg en kerklike orde altyd vasgehou. Dit is ook belangrik dat dié beginsel vasgehou word omdat dit die eiesoortigheid van die Kerklike Reg beklemtoon en die beoefening van die Kerklike Reg onderskei van die reg wat in die wêreld uit 'n suiwer juridiese oogpunt ter sprake kom. Die onderskeiding beklemtoon die eiesoortige karakter van die Kerklike Reg as *ius sui generis*.

Die skriftuurlike basis en uitgangspunt van die Kerklike Reg beteken dat navorsing in die vak nie net gaan oor die *ius constitutum* nie, maar ook oor die *ius constituendum* (soos die reg behoort te wees).

Die periode waarin Engelbrecht die Kerklike Reg in die Fakulteit hanteer het (1921-1956) is gekenmerk deur 'n verhouding tussen die drie Afrikaanse kerke, wat minder gemaklik was as wat tans die geval is. Dié tyd het die nagevolge van die kerklike afskeiding van 1859 gedra, asook die mislukte kerkvereniging van 1886, gevolg deur verskillende hofgedinge oor kerklike eiendom. Dit was die tyd waarin 'gereformeerd' sonder meer as ortodoks getipeer was en alles wat hervormd genoem is sonder meer as liberaal uitgemaak is (Pont 1991:262).

Die historiese wortels van dié spanningsvolle tyd in die kerk kan verder teruggevoer word na die periode vanaf 1834 wat ingelei word deur die kerklike afskeidings in Nederland, aanvanklik onder Hendrik de Cock, gevolg deur die Doleansie in 1886. Die gebeure het ook twee prominente kerkleiers teenoor mekaar geplaas, naamlik Abraham Kuyper en Philippus Hoedemaker. Die spanning wat hieruit gevolg het, het verder die name 'gereformeerd' en 'hervormd' met mekaar in spanning gebring in Nederland en (veral) ook in Suid-Afrika. Tot op hede dra hierdie twee name elk sy eie betekenis in Nederland en Suid-Afrika. 'Gereformeerd' is in Nederland 'n aanduiding van die kerk wat uit die Reformasie na vore kom, terwyl die benaming hier slegs van toepassing gemaak word op die twee Afrikaanse kerke wat nie eksplisiet hervormd is nie.

Teen hierdie agtergrond het Engelbrecht vanaf 1921 Kerklike Reg doseer. Die onstuimige debat wat hy voer met Ds J V Coetzee van die Gereformeerde Kerk, vind plaas teen hierdie kerkregtelike verloop. Die hele geskil is in wese 'n kerkregtelike dispuut wat neerkom op 'n botsing tussen twee kerkregtelike stelsels soos dit verwoord word deur die Doleansie Kerkreg en die Kerkreg wat beoefen is vanuit die volkskerk. Engelbrecht skryf die beginsels van die Kerkreg van die Doleansie toe aan die dwalings van Kuyper en die Neo-Calvinisme wat spruit uit die sewentiende-eeuse Engelse Independentisme (Engelbrecht 1945:9).

Die optrede van Engelbrecht was in die lig van die omstandighede verstaanbaar en selfs noodsaaklik. Tog was daar ook bepaalde nadele aan verbonde soos die feit dat hy 'betreklik onkrities gestaan het teenoor die kerklike orde wat vanaf 1836 tot 1950 in ons Kerk gegeld het...[sodat hy] nie raakgesien [het] nie dat die verenigings-

reg, soos dit in Nederland na 1816 onder invloed van die verligte denkers na vore gekom het, op baie punte die reformatoriese kerkreg deurkruis het' (Pont 1983:19). Uit Engelbrecht se geskrifte is dit duidelik dat hy nie die Doleansie Kerkreg waardeer het nie, maar dat hy self miskien te min aandag gegee het aan die kerkregtelike denke van Calvyn en sy tydgenote, asook aan die ontwikkeling op kerkregtelike terrein soos vervat in die kerklike ordes vanaf Wezel 1568 tot en met Dordt 1618-1619. Engelbrecht was sterk op Holland gerig. Dit verklaar miskien ook waarom die pas voltooide kerkorde van die Nederlandse Hervormde Kerk van 10 Desember 1950 as basis gedien het en in wese in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika met enkele wysigings geïmplimenteer is (Van Wyk 1989:231).

Die volgende uitspraak van Engelbrecht werp lig op sy standpunt oor die struktuur van die kerk. Hy neem waarskynlik die standpunt in as 'n reaksie op die beginsel van die outonomie van die plaaslike gemeente soos verwoord in die Doleansie Kerkreg:

> Een vergelijking kan gemaakt worden met de Staat. Daar heeft men de municipaliteiten, de provinciale raden en het parlement. Nu is het onnodig om te zeggen dat het dwaasheid zou zijn om te beweren dat de municipaliteiten de gehoorzaamheid aan het Parlement zou kunnen opzeggen en zich van de Staat zou kunnen afscheiden. Net zo min als de municipaliteiten het doen kan, net zo min kan de kerkeraad (de municipaliteit van de Gemeente) zich afscheiden van de Algemene kerk en de Algemene Kerkvergadering (het Parlement van de kerk).
>
> (Engelbrecht 1924:vi)

Om die beginsel van die outonomie van die plaaslike gemeente te weerspreek, neem Engelbrecht bogenoemde standpunt in, maar betree daarmee die ander uiterste wat tipies was van die struktuur en die denke na 1816. Dit was eie aan die denke wat in die verenigingsreg aan die orde was en wat in wese hiërargies gefunksioneer het en uitloop op 'n topswaar sinodale struktuur met 'n redelik prominente Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Die voorbeeld wat hy gebruik uit die struktuur van die owerheid was wel bekend aan die kerkvolk, maar het juis vanweë sy bekendheid daartoe bygedra dat die verenigingsreg 'het vermogen om te duren' openbaar het (Noordmans 1933:7). Wanneer die struktuur van die vergaderings van die kerk so hiërargies gestruktureer word, word daarmee die kernbeginsel van die presbiteriaal-sinodale stelsel aangetas, naamlik dat Jesus Christus die Hoof en Heer van die kerk is en dat dit presies daar is waar die gesag in die kerk setel.

Die denke van Engelbrecht het sekerlik 'n bydrae gelewer om die prominente posisie van die Algemene Kerkvergadering en sy Kommissie in die Nederduitsch

Hervormde Kerk te vestig. Vanweë sy felle opstelling teen die Kerkreg van die Doleansie en vanweë die feit dat hy in wese kerkhistorikus was wat geweldig baie historiese materiaal beheers het, het die Kerkreg nie die sentrum van sy belangstelling gevorm nie. Dit het beteken dat die beginsels van die presbiteriaal-sinodale stelsel nie so prominent in sy denke verdiskonteer is nie. Miskien kan volstaan word met die volgende aanhaling oor die bydrae van Engelbrecht:

> Uit Engelbrecht se enigsins driftige polemiek met Coetzee en uit die geheel van sy nagelate geskrifte word dit duidelik dat hoewel Engelbrecht die vak Kerkreg in die opleiding hanteer het en hy geweldig baie van die historiese materiaal beheers het, die vak as sodanig nie in die sentrum van sy belangstelling gestaan het nie. Tog het hy deur sy publikasies en as jarelange lid van die kerk se Raad vir Regsadvies sy bydrae op hierdie vlak gelewer. Hy het ook sy rol gespeel om die Kerkwet van 1869, wat met wysigings bly geld het tot in 1950, in 1951 met 'n nuwe Kerkwet te laat vervang wat op die lees van die kerkorde van die Nederlandse Hervormde Kerk van 1950 geskoei was.
>
> (Pont [1983]:20)

Die dienstermyn van S P Engelbrecht het aan die einde van 1956 ten einde geloop waarna hy opgevolg is deur A D Pont, tans nog diensdoende dosent in die Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg. Hy het soos sy voorganger ook gepromoveer in die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis met as opdrag om, behalwe die geskiedenis van die Christendom, ook Kerkreg te doseer.

Sonder teenspraak kan die bewering gemaak word dat die grootste bydrae van Pont was dat hy die Kerklike Reg as 'n selfstandige eie vakgebied in die Nederduitsch Hervormde Kerk gevestig het. Dit het beteken dat hy moes teruggaan na die basiese beginsels. Dit het hy in die eerste plek gedoen deur histories te werk te gaan om vas te stel hoe die Kerklike Reg ontwikkel het sedert die vormgewing daarvan vanaf die Reformasie, deur die Nederlandse ontwikkeling tot op hede. Hiermee het hy dus uiting gegee aan die bestudering van die Kerklike Reg as *ius constitutum*. Die resultaat van hierdie studie was uiteindelik die verskyning van sy publikasie *Die historiese agtergronde van ons Kerklike Reg*, deel 1 (1981).

Die voordeel van hierdie publikasie was dat dit nou moontlik was om die kerkregtelike ontwikkeling te volg sedert die *Ordonnances Ecclesiastique* 1541 tot en met die Sinode van Dordt 1618-1619, wat in 'n sekere mate 'n soort afsluiting vorm van die kerkregtelike ontwikkeling sedert die Reformasie. As tweede deel bevat dit ook 'n uiteensetting van die belangrikste beginsels van die presbiteriaal-sinodale stelsel. As gevolg van die prominensie wat aan die vak as sodanig verleen is, het dit meegebring dat die beginsels van die Kerklike Reg, die kerklike orde en sy betekenis, ook

meer onder die aandag gekom het. Pont het deur sy navorsing aangedui dat daar 'n noue verband bestaan tussen die Skrif, die belydenisskrifte en die kerklike orde. Dit het beteken dat die uitgangspunt beklemtoon is dat daar gewerk word met 'n skriftuurlike kerklike orde en dat die Kerklike Reg binne die teologiese fakulteit tuishoort. Pont se kerkregtelike bydrae word gereflekteer wanneer by wyse van 'n dwars deursnit, met die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip as norm, na sy werk gekyk word.

Die moment wanneer gestel word dat gewerk word met 'n skriftuurlike kerklike orde, word die uitgangspunt dat Jesus Christus die enigste Hoof en Heer van die kerk is, onontwykbaar. Dit bevestig ook dat die gesag waarmee in die kerk en die kerklike orde gewerk word nie subjektief by een ampsdraer of by die meerderheid van stem berus nie, maar objektief deur die Woord en Gees van God aan die orde kom. Pont laat hom soos volg oor die saak uit:

> Die sisteem van kerkregering is dus in wese teokraties-monargaal, want Jesus Christus heers as koning en deur die werking van die Heilige Gees en deur die geloof is daar 'n direkte verbondenheid tussen Jesus Christus en die gelowiges en die wat aan Hom behoort en wat sy liggaam op aarde is. Die amp is in hierdie teokraties-monargale vorm van kerkregering daar om die Woord te bedien, die kerk te regeer en die dissipline toe te pas ooreenkomstig die wil van Jesus Christus soos dit vervat is in sy Woord, nl die Heilige Skrif. Met ander woorde daar is nie plek vir menslike willekeur nie, want die amp is slegs die instrument waardeur Jesus Christus sy Woord en sy wil laat tuiskom by elke gelowige.
>
> (Pont 1981:192)

Plomp wys daarop dat die beginsel van die Christusregering ook verwoord is in die Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 31, waar Christus gesien word as 'die enigste algemene Opsiener en die enigste Hoof van die kerk' (Plomp 1971:90). Die hoof- en heerskap van Christus loop hand aan hand met die beginsel dat gewerk word met 'n skriftuurlike kerklike orde. Tog moet hier opnuut weer gestel word dat dit nie beteken dat 'n pasklaar kerklike orde uit die Skrif afleibaar is nie. Hoewel dit so is beteken dit ook nie dat die kerklike orde bloot uit die praktyk tevoorskyn kom en nie meer gesag het as die lede van die vergadering wat die orde goedgekeur het nie. Calvyn bepaal dat hy 'slechts die menselijke inzettingen goedkeur, die gegrond zijn op Gods gezag en uit die Schrift genomen en dus geheel en al Goddelijk zijn' (Calvyn 1559:iv, x 30). Pont lewer die volgende kommentaar op die uitspraak van Calvyn:

> Hoewel Calvyn nie bedoel dat elke kerklike reël of ordening...direk met 'n Skriftuurbewysplaas moet korreleer nie, beskou hy die kerklike orde as goddelik 'so ver as wat dit 'n deel is van die betaamlikheid (decorum), wat ons volgens die opdrag van die apostel moet bewaar en in ag neem'. Daardie uiteriike ordenende reëls moet daar wees ter wille van die ordelike struktuur wat die gemeente van God op aarde moet handhaaf.
>
> (Pont 1977:79)

Uit die kerkordelike denke van Pont word dit duidelik dat hy werk met 'n skriftuurlike kerklike orde. Dit beteken dan noodwendig dat hy die uiters belangrike beginsel in die kerk handhaaf dat Jesus Christus die enigste Hoof en Heer van die kerk is. Dit beteken dat Hy die enigste gesag is en dat alle menslike gesag relatief is tot die gesag van Christus. Die volgende uitspraak van Pont bevestig die aanname nogeens:

> Hier moet met klem gestel word dat die enigste gesag oor en in die kerk aan Jesus Christus toekom, die Hoof en Heer van die kerk. Alle menslike optrede en bedrywighede binne die ruimte van die kerk het alleen 'n bestaansmoontlikheid vir sover dit in diens van die enige gesag van Jesus Christus staan. Die gesag in die kerk word 'n werklikheid deur die koms en teenwoordigheid van die Heilige Gees deur middel van die verkondigde Woord wat op sy beurt weer 'n direkte verband het met die gesag van die geskrewe Woord van God soos dit in die Heilige Skrifte vervat is.
>
> (Pont 1982:106)

Met die beklemtoning van die hoof- en heerskap van Christus saam met die beginsel dat met 'n skriftuurlike kerklike orde gewerk word, het Pont die hoekpilaar van die presbiteriaal-sinodale struktuur van kerkregering in die Nederduitsch Hervormde Kerk aan die orde gestel. Bogenoemde beginsels is dan ook die bolwerk teen die oorwoekering van die Kerklike Reg deur die verenigingsreg. Op hierdie manier het Pont uiting gegee aan die waarskuwende woord om nie die Kerklike Reg as van minder belangrike betekenis te beskou nie. Van Ruler (1947:112) het die saak so verwoord:

> Maar op zichzelf zijn zaken als kerkorde en kerkrecht allerminst minderwaardige aangelegenheden of dingen van den tweede rang. Ook hier raak ik een van die vanzelfsprekende vooroordelen, die bezig zijn onze kerk te bedreigen met verwoesting. Het vooroordeel nl. dat het kerkrecht van secundaire en bykomstige beteekenis is. Zoodra men

> er echter oog voor gekregen heeft, dat alle recht, ook het kerkelijke en het burgerlijke recht, wortelt in het recht Gods, gelijk het in het offer van Christus hersteld is; en dat het recht van primaire beteekenis is in de ordening van den chaos der zonde en als zoodanig een van de belangrijkste gebinten in het werk van den Heiligen Geest, zoodat het ook ontoelaatbaar is, om het recht terug te dringen terwille van het dynamische leven;...zoodra men dat alles heeft gezien, kan men niet meer instemmen in dat hooghartige koor, dat zoo gemakkelijk en ondoordacht het heeft over afgoderij bedrijven met het kerkrecht.

Die beginsel dat die gesag in die kerklike orde en die gesag in die kerk setel in Christus as Hoof en Heer van die kerk, het ook vir die ampte en die vergaderings van die ampte belangrike betekenis. As van die standpunt uitgegaan word dat Jesus Christus die Hoof en Heer van die kerk is, beteken dit dat die amp nie gesien kan word as 'n hoë gesagsposisie met besondere magte en bevoegdhede nie. Die amp is nie 'n *officium* nie, maar slegs *ministerium*, 'n nederige dienswerk. 'Daarom is die amp in die Reformatoriese kerk nooit 'n *officium*, 'n gesaghebbende heersersposisie nie maar 'n diens, 'n *ministerium* wat in gehoorsaamheid aan Christus beoefen moet word' (Pont 1978:51; 1981:197). Hierdie punt word versterk as in gedagte gehou word dat die kerk nie self die amp skep nie maar die opdrag van Christus ontvang. Hier het Pont veral sterk aangesluit by die opvatting van Calvyn oor die amp: 'Uitgaande van Calvyn se opvatting oor die amp, wat in hoofsaak berus op sy eksegese van Efesiërs 4:11-12, kry die ampsdraers hulle aanstelling, opdrag en gesag regstreeks van Jesus Christus' (Pont 1981:197).

Dit beteken dat die ampsdraer geroepe sal wees om die dienswerk te verrig. Hier kom ook die tweeledige roeping tot die amp in die denke van Calvyn na vore, naamlik dat die ampsdraer 'n inwendige roeping moet hê wat bestaan uit die 'verlening van die gawes wat vir die amp vereis word; die standvastige begeerte of strewe na die amp; en die opening van die weë wat tot die amp lei' (Pont 1978:51). Dit is juis vanuit hierdie beginsel, asook vanweë die feit dat die ampsbeskouing 'n funksionele ampsbeskouing is, dat Pont skerp kritiek gelewer het teen die verskyning van die tydelik-deeltydse predikant:

> Volgens die Bepalings tot voor 1967 was dit so dat 'n dienaar van die Woord alleen na roeping, studie, eksamen, beroepbaarstelling en beroep deur 'n kerkraad of bevoegde kerklike liggaam die amp van dienaar van die Woord kon uitoefen. Nou kan iemand wat die amp van dienaar van die Woord verlaat het, omdat hy geen verdere sin het om dienaar van die Woord te wees nie, tog weer Woord en Sakrament

> in die kerk bedien bloot omdat hy die 'bevoegdheid' het, dit wil sê 'n erkende teologiese opleiding deurloop het, en omdat hy deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 'gebruik' wil word.
>
> (Pont 1973:100)

Wanneer teruggekyk word op hierdie besluit van die kerk en die debat wat daarop gevolg het moet Pont gelyk gegee word. Die gevaar wat hy daarin gesien het dat die Bybels-reformatoriese ampsbegrip nie meer daarin geldend is nie en dat die kerk daarmee vervlak word tot 'n blote vrywillige vereniging, waar ampsdraers nie veel meer is as bestuurslede van 'n vereniging wat willekeurig deur die vereniging take gegee kan word nie, is miskien nie deeglik genoeg besef nie (Pont 1973:101). Die feit dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering by sy vergadering van 21 September 1990 opdrag gegee het dat die praktyk van deeltydse predikante weer indringend ondersoek moes word, toon dat die kritiek wat Pont gelewer het, nie ongegrond was nie. Die beskouing dat die amp funksioneel is, is 'n Reformatoriese standpunt wat besondere klem verdien. Dit deurkruis enige beskouing van die amp wat in terme van die verenigingsreg die amp wil vervlak tot 'n soort funksionaris. Pont beklemtoon hierdie aspek ten regte wanneer hy stel: 'Verder is dit duidelik dat die amp alleen kan funksioneer as dit omring word deur die gemeente, die gemeenskap van die gelowiges. Daar moet die ampswerk verrig word sodat die gemeente opgebou, geïnspireer en gerig word om die getuie van Christus in die wêreld te wees' (Pont 1981:198). Dit hang saam met die beskouing dat die gemeente die primêre werkplek van die kerk is waar die Woord en die sakramente bedien word. Daarmee saam word dus ook beklemtoon dat die bediening van die Woord die primêre taak van die predikant is – daarom die klem op die funksionele ampsbeskouing wat verrig word deur die voltydse, geroepe dienaar van die Woord in die gemeente van die kerk.

'n Verdere besondere bydrae wat Pont gelewer het in sy beoefening van die Kerkreg bestaan veral in sy bydrae tot verandering van die struktuur van die kerklike vergaderings. Die Nederduitsch Hervormde Kerk in Transvaal handhaaf sedert sy eerste Algemene Kerkvergadering op 8 Augustus 1853 die beginsel van die kerkraadsinode. Dit het beteken dat elke kerkraad as geheel sitting geneem het op die Algemene Kerkvergadering. Vanweë die grootte van die vergadering het die Algemene Kerkvergadering 'n groot en lomp vergadering geword. Om die probleem van die aantal lede wat sitting neem te oorkom is die afvaardiging langsamerhand afgeskaal sodat op die oomblik slegs een lid uit elke kerkraad saam met die predikant(e) in die vergadering sitting neem. Ten spyte daarvan is die gevoel tog dat die vergadering nog te groot is omdat dit beteken dat die huidige Algemene Kerkvergadering steeds 'n vergadering is wat bestaan uit ongeveer 700 afgevaardigdes.

Die invloed van die denke van die verenigingsreg word dalk hier die duidelikste in die kerk waargeneem omdat die beginsel van verteenwoordiging blykbaar tot dusver vir die lede van die vergadering baie belangrik is. Die argument word gevoer dat as gemeentes nie op die Algemene Kerkvergadering verteenwoordig word nie, die vergadering maklik gemanipuleer kan word. Die stelling verraai 'n gebrek aan werklike begrip vir die uitgangspunt dat die Heer self sy kerk regeer, sodat nie verteenwoordiging nie, maar Christus self deur Woord en Gees sy kerk van ondergang bewaar. Dit is ook by hierdie vergadering waar organisasie blykbaar belangrik geag word vir die welwese van die kerk. Verder kan die oënskynlike lusteloosheid om die rotasiebeginsel in te voer, toegeskryf word aan die vertroue wat in mense gestel word. Hier is die argument gewoonlik dat kontinuïteit daaronder sal ly. Die feit dat die kerk deur die eeue bestaan, is miskien die sterkste argument en bewys daarvoor dat kontinuïteit nie deur 'n telkens verkose voorsitter nie, maar deur die Hoof en Heer van die kerk gehandhaaf word.

Terselfdertyd word op die Algemene Kerkvergadering die beste aangetoon hoe die amp van die ouderling onder redelike druk geplaas word omdat alle predikante vanselfsprekend sitting neem en die moontlikheid bestaan dat die vergadering verder kan bestaan uit diakens sonder 'n enkele ouderling (Bep 10:2c), dit terwyl die ouderling in besonder die opdrag het om oor die kerk te regeer.

'n Verdere uitvloeisel van die toestand is ook te vind in die funksionering van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Die Kommissie tree as *synodus contracta* in die plek van die Algemene Kerkvergadering in tydens die drie jaar tydperk waarbinne die Vergadering nie in sitting is nie. Die Kommissie kan sake afhandel wat op die Algemene Kerkvergadering gedien het of moes gedien het (Bep 14:1d). Dit beteken in praktyk dat die besluite van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering net so bindend is soos die Algemene Kerkvergadering self, veral as in ag geneem word dat die Kommissie die bevoegdheid het om ook namens die kerk te praat (Bep 14:1a). In Bepaling 81 word selfs gesê dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering besluite kan neem wat die leer en die belydenis van die kerk raak. Verder is dit interessant om daarop te let dat geen diaken sitting neem op die Kommissie nie en dat die Moderamen slegs uit dienaars van die Woord bestaan.

Die situasie het daarop uitgeloop dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ietwat prominent in die Hervormde Kerk funksioneer, sodat die gesagstruktuur van vergaderings van die ampte in die Kerk, topswaar-sinodaal eerder as ewewigtig-gemeentelik beskryf moet word.

As gevolg van die feit dat Pont deur sy navorsing die lyne van die presbiteriaal-sinodale stelsel weer getrek het, het hy aangevoel dat bogenoemde anomalieë nie

volledig te rym was met die beginsels van die presbiteriaal-sinodale stelsel nie. Hy het hom beywer vir 'n verkleinde Algemene Kerkvergadering wat trapsgewys saamgestel word. Dit sal 'n veel kleiner Algemene Kerkvergadering meebring wat jaarliks kan byeenkom, saamgestel uit die ampte van die dienaar van die Woord en die ouderling. Belangrik is om hier by te voeg dat die beginsel van rotasie op die vlak van die Algemene Kerkvergadering rigied toegepas moet word. Hier verval die argument wat soms vanuit kerkrade gehoor word dat daar nie beskikbare kragte is nie.

Nadat die Algemene Kerkvergadering van 1986 opdrag gegee het dat die verkleining van die vergadering ondersoek moet word en die resultaat van die ondersoek aan die Ringsvergaderings voorgelê is, asook aan die jaarlikse inligtingsvergadering, het 'n memorandum wat deur Pont opgestel is voor die Algemene Kerkvergadering van 1989 gedien (NHKA 1989:198). Die vergadering het besluit om die voorstelle tot die verkleining van die Algemene Kerkvergadering nie te aanvaar nie. Uit die bespreking was dit ook duidelik dat die Algemene Kerkvergadering nie werklik ontvanklik was vir die meriete van verkleining nie en dat die saak van verteenwoordiging vir kerkrade swaar geweeg het. In wese moet die opmerking gemaak word dat dit duidelik was dat die beginsels van die verenigingsreg weer eens beter begryp is as die Kerklike Reg.

Ten spyte van hierdie waarneming het die Algemene Kerkvergadering tog in beginsel gestel dat die verkleining in ooreenstemming moet wees met die presbiteriaal-sinodale stelsel (NHKA 1967:179). Die saak van die verkleining is nie 'n nuwe saak in die Hervormde Kerk nie omdat die Algemene Kerkvergadering van 1964 reeds opdrag gegee het dat die saak ondersoek moet word (NHKA 1964:95). Die feit dat die Nederduitsch Hervormde Kerk in sy meerdere vergadering te kenne gegee het dat sy uitgangspunt presbiteriaal-sinodaal is en dit nie ten volle implementeer nie, versterk die vermoede dat die begrip 'presbiteriaal-sinodaal' tog nie so bekend is nie.

Pont het hom in 1970 soos volg uitgelaat oor die verkleining van die Algemene Kerkvergadering ooreenkomstig die presbiteriaal-sinodale stelsel:

> Die presbiteriaal-sinodale sisteem is en bly tog die sisteem waarin die opperheerskappy van Jesus Christus, deur sy Woord en Gees, die beste tot sy reg kom. As dit in gedagte gehou word, dan is die bogenoemde oplossing vir die vraag hoe die Algemene Kerkvergadering verklein moet word die een wat, alles in ag genome, die beste riglyn bied.
> (Pont 1970:145)

Dit is duidelik dat wanneer Pont in 1982 verder handel oor die struktuur van die vergaderings van die ampte van die kerk, daar tog 'n mate van irritasie merkbaar is:

> Die Algemene Vergadering verteenwoordig hoogstens die ampte maar nooit die kerk nie want die Algemene Kerkvergadering is nie 'n parlementaristies-demokratiese liggaam nie maar 'n liggaam wat in die Christokraties-Pneumatiese orde van die kerk staan. Tog word hier nou, ondanks Bep 10-12, gesuggereer dat die Algemene Kerkvergadering 'n verskyningsvorm van die kerk is want hoe anders kan die Kommissie 'namens die kerk' optree ens? Dat dit 'n absurde stelling is word duidelik as net oorweeg word dat die Algemene Kerkvergadering nie 'die kerk' kan wees nie omdat die kerk bestaan uit ampsdraers en lidmate en die ampsdraers nooit verteenwoordigers-van-die-lidmate in die lig van Efesiërs 4:11-12 is of kan wees nie...Geleidelik het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en miskien nog meer presies, die Moderamen van die Kommissie ontwikkel as die enigste kerklike liggaam wat met gesag optree – maar dan nie primêr die Christokraties-Pneumatiese gesag nie maar 'n statutêr-juridiese gesag wat kragtens Wet en Bepalings bestaan.
>
> (Pont 1982:126, 129)

'n Verdere aspek wat in die diskussie beklemtoon moet word is Pont se kerkbegrip wat, as tipies volkskerklik, stelling inneen teenoor die gedagtes van die vryekerk. Dit beteken uit die aard van die saak dat die verbond as die reële en empiriese basis van die kerk ook na vore sal kom. Daarom kan die stelling gemaak word dat hy ook hier 'n besondere bydrae gelewer het om die kerkbegrip van die Nederduitsch Hervormde Kerk as volkskerk te verdedig en te vestig.

Pont stel 'verbond' en 'kerk' gelyk aan mekaar, maar bedoel dan onder 'kerk' die 'een heilige, algemene, Christelike kerk'. Dit beteken dat die Nederduitsch Hervormde Kerk homself sien as openbaring van die een, heilige, algemene Christelike kerk (Kerkwet Art I):

> Die NHKA as verskyningsvorm van die algemene kerk, sien homself dus ook as 'n deel van die verbondsvolk of as 'n kerk wat gebou is op die fondament van die verbond. Die NHKA trek daaruit die konklusie dat daar twee verskyningsvorms van die NHKA bestaan naamlik die plaaslike gemeente wat die gewone, normale verskyningsvorm van die kerk is. Daarnaas is al die gemeentes saam ook kerk. Dit word so geformuleer in art II van die Kerkwet: 'Ter wille van die goeie orde word almal wat deur die genadeverbond tot die kerk behoort, byeengebring in gemeentes'.
>
> (Pont 1989:14)

Wanneer die Kerkwet stel dat almal deur die genadeverbond tot die kerk behoort, word daarmee slegs beklemtoon dat 'genadeverbond en kerk gelykwaardige begrippe is, en dat daar ook sou kon gestaan het: verbondsvolk. Die verbondsvolk, of al die lede van die genadeverbond vorm inderdaad saam 'n geheel en die geheel word onderverdeel in gemeentes' (Pont 1989:15).

Dit is van besondere belang dat die kerk hierdie uitgangspunt sal vashou omdat dit 'n sterk teologiese basis aan die kerk verleen en daarmee gesê word dat die kerk nie sy ontstaan by mense het nie, maar by God. Wanneer dit gestel word, word die gelowiges ook in die konteks geplaas waar hulle tuishoort, naamlik hoogstens as God se kinders, wat op grond van die genade in Christus Jesus sy kerk mag wees.

Die verbondsmatige karakter van die kerk het verder implikasies vir lidmaatskap. Wanneer lidmaatskap in die Nederduitsch Hervormde Kerk bespreek word kom die veelbesproke Artikel III in die Kerkwet na vore. Sonder om oor die artikel in besonderhede te handel kan slegs gewys word op die verbondsmatige uiting ten opsigte van lidmaatskap wat in die artikel na vore kom, naamlik 'kinders van lidmate van die Kerk' (Kerkwet 1989:1). Pont wys daarop dat wanneer van kerklike lidmaatskap en verbond gepraat word die opmerking van Calvyn na aanleiding van 1 Korintiërs 7:14 belangrik is. Hierop vervolg hy:

> Vandaar dat kinders van lidmate van die kerk wat nog nie gedoop is nie, ook onder die lidmate van die kerk gereken word. Dit is vanselfsprekend dat die ongedoopte kinders in die gemeente gedoop moet word en daarom is die ongedoopte lidmaat van die kerk slegs diegene wat op pad is om gedoop te word.
>
> (Pont 1989:16)

Wanneer die kinderdoop ter sprake kom, kom die gelowige huisgesin in perspektief, wat beteken dat die kerk ook rekening hou met die huisgemeentes wat so in die gemeente bestaan. Die relasie tussen die huisgemeente en die Sondagsgemeente word ook deur Noordmans na vore gebring veral wanneer hy die amp van die ouderling sien as die skakel tussen 'de huiselijke en de openbare godsdienstoefening;...tussen het gezin en de gemeente' (Noordmans 1984:447). Noordmans trek dan ook die slotsom daaruit wanneer hy sê dat dit, naamlik wanneer die gemeente uit gesinne opgebou word, 'n gereformeerde kerk in die goeie sin van die woord tot volkskerk maak.

> So is die NHKA volkskerk of wel verbondskerk, dit wil sê openbaring van die gedoopte volk van God wat as kerk byeen is binne die geledere van die Afrikanervolk. As sodanig sien die kerk homself volledig diensbaar aan die opdrag van die Heer van die kerk om die evangelie

> van Jesus Christus aan almal te verkondig (vgl art IX, Kerkwet NHKA).
>
> (Pont 1989:18)

Ten spyte van die bydrae wat Pont en andere gelewer het om die begrip 'volkskerk' behoorlik te omlyn, word die Nederduitsch Hervormde Kerk dikwels nie begryp wanneer hy homself volkskerk noem nie. Die mening word onder andere uitgespreek dat daar te min afstand is tussen kerk en volk. By herhaling kan gestel word dat die begrip 'volk' in die volkskerklike opvatting van die Nederduitsch Hervormde Kerk nooit 'n biologies-nasionale begrip was nie maar altyd gekoppel was aan die verbondsvolk- (volk-van-God) opvatting, waar die heilshandelinge van God in Christus voorrang geniet.

Die gemaklike manier waarop na die struktuur van die meerdere vergaderings van die Nederlandse Hervormde Kerk verwys is as sou dit kollegialisties wees, dateer uit die troebel kerklike tye in Nederland tydens die Doleansie. Kuyper stel die saak onder andere soos volg: 'Dit Collegiale systeem, naar welks model ook de Hervormde kerken thans voor een goed deel georganiseerd zijn, is puur revolutionair en laat evenals de Fransche revolutie allerlei vorm van regiment toe' (Kuyper 1883:51). Dieselfde standpunt word deur De Wet ingeneem wanneer hy meen dat die Algemeen Reglement van 1816 onder invloed staan van die beginsels van die kollegialisme (De Wet 1921:70).

Uit die geledere van die Nederlandse Hervormde Kerk was daar met die woordvoerders van die Doleansie eenstemmigheid oor die feit dat die Algemeen Reglement van 1816 onaanvaarbaar was. Die verskil was egter dat die metode vir die oplossing van die probleem verskil het. Vir Kuyper was daar net een moontlikheid, naamlik afskeiding. Vir Hoedemaker het die oplossing in kerkreorganisasie, gevolg deur kerkreformasie gelê, maar nie in kerklike afskeiding nie. Dit is insiggewend dat Haitjema ook die benaming 'kollegialisties' gebruik maar tog in heel ander sin. Hy bedoel daarmee dat die regeerbevoegdheid in die kerk nie meer aan die vergaderings van die ampte opgedra is nie, maar aan 'kleine bestuurslichamen [= collegia, vandaar die benaming "collegialistisch kerkrecht"] bestaande uit deskundige, invloedrijke en notabele personen, waarbij de kwestie van het geestelijk ambt van zeer ondergeschikt belang is' (Haitjema 1964:102).

Dit is noodsaaklik om daarop te wys dat 'kollegiaal' en 'kollegialisties' nie sonder meer dieselfde is nie. 'Kollegialisties' verwys na die kerkregtelike stelsel op Duitse bodem wat in wese 'n vryekerk op Duitse bodem was met 'n eie ontstaan en agtergrond (Pont 1991:112), terwyl 'kollegiaal' dui op die vergaderings van die ampte met bestuurlike bevoegdheid, wat dus nie meer as vergaderings van die ampte funksioneer het nie. Die neiging bestaan om, wanneer die kerk gesien word as 'n

eenheidstruktuur, dit as kollegialisties af te wys. Selfs sinodale gesag word as uiting van die kollegialisme gesien. Spoelstra stel dat die basiese kerkwet en kerkreglemente 'n bepalende rol speel en gaan dikwels hand aan hand met die idee van òf 'n staatskerk òf 'n volkskerk (Spoelstra 1989:14).

Pont het in sy navorsing ook aan hierdie saak aandag gegee en kom tot die volgende insiggewende slotsom in sy pas verskyne *Historiese agtergronde van ons Kerklike Reg*, deel 2:

> Die eerste saak wat hier genoem kan word, is dat Kuyper baie duidelik 'n karikatuurbeeld van die kollegialistiese sisteem gee. Dit is duidelik dat die kollegialisme 'n uitgewerkte en omlynde sisteem is wat binne die Lutherse kerklike wêreld ontstaan het in 'n poging om die posisie van die Lutherse kerke in 'n sekulêre staatsisteem te presiseer ...Die mees tipiese kenmerke van die kollegialistiese kerkregeringstelsel kom nie in die *Algemeen Reglement* voor nie. Die ampsopvatting van die kollegialisme, die priesterskap van die gelowiges soos die kollegialisme dit formuleer, die kollegialisme se siening van die belydenis se plek en funksie in die kerk word nie in die Algemeen Reglement gereflekteer nie, en ook nie in die kollegialisme se siening ten opsigte van die vors nie. Die slotsom waartoe gekom moet word, is dat Kuyper se beskuldiging van kollegialisme ten opsigte van die Algemeen Reglement nie gehandhaaf kan word nie.
>
> (Pont 1991:119)

In hierdie verband is dit nodig om ook die invloed van die verenigingsreg in gedagte te hou omdat die kerk daar as 'n vrywillige vereniging beskou word waar die klem op die individuele lidmaat en sy regte val. Dit geld veral in die tyd sedert die Aufklärung, en veral na die Franse Revolusie waar die kerk gelyk gestel word aan enige burgerlike vereniging in die gemeenskap. Die Algemeen Reglement van 1816 in Nederland, die Kerkordonnansie van de Mist van 1804 in die Kaap, asook die wette van 1857 tot 1950 van die Nederduitsch Hervormde Kerk staan onder die invloed van die denke van die verenigingsreg wat sedert 1816 veral op kerkregtelike erf sterk invloed uitgeoefen het. Daarom kom die kollegiale na vore, as vergaderings wat nie die kerk in reformatoriese sin regeer nie, maar wat bestuursfunksies kry in oorleg met 'n mandaat wat deur die lede aan hulle opgedra is met meerderheid van stem. In hierdie denkpatroon is die neiging gewoonlik na 'n hiërargiese sisteem waar kleiner vergaderings met gedelegeerde magte, dwingende besluite neem.

> So word dit duidelik dat in die verenigingstruktuur die Bybelse eise wat aan die gelowiges, gemeente, vergaderings en kerk gestel word, heeltemal kan versekulariseer. Dit hoef nie noodwendig te gebeur nie want dit hang daarvan af watter opdragte die eintlike maghebbers in die kerk, die demokratiese meerderheid, daaraan gee. Hier bestaan egter geen waarborg dat die verbintenis Skrif-belydenis-kerkorde gehandhaaf sal word nie. Alles hang in die verenigingstruktuur af van die kwaliteit van die geloof en teologie wat in die kerk aanwesig is. Juis omdat die gelowige mens hier die bepalende is, word die primêre saak dat Jesus Christus die enige hoof van die kerk is, baie sterk op die hellende vlak geplaas.
>
> (Pont 1990:17)

Pont se navorsing op dié punt is nie net van historiese waarde nie, maar het ook betekenis vir die hede omdat die beginsels van die verenigingsreg blykbaar meer bekend is as die Kerklike Reg. Die verenigingsreg het steeds die neiging om die kerk te wil vervlak tot 'n vrywillige vereniging van die wêreld.

Pont se navorsing op die gebied van die Kerklike Reg strek oor die totaliteit van die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip. Behalwe wat tot dusver aan die orde gekom het, het hy oor die sakramente en seremonies van die kerk, soos die begrafnisdiens, die doop en die Nagmaal nie net navorsing gedoen nie, maar ook sy resultate in memorandumvorm aan die kerk beskikbaar gestel.

Die kerklike dissipline as deel van die wel-wese van die kerk het ook ter sprake gekom, veral in die voortgesette teologiese opleiding wat sedert 1990 aan die Fakulteit ingestel is.

Ten slotte het die laaste deel van die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip, naamlik die verhouding tussen die kerk en die owerheid, onder bespreking gekom. In hierdie verband kan ook die verhouding 'kerk en volk' genoem word wat veral vanweë Pont se sterk belangstelling in die volkseie, ook deel gevorm het van sy navorsing.

As aanduiding van die reaksie, buite die eie kring, op die beoefening van die Kerklike Reg van die Nederduitsch Hervormde Kerk, kan verwys word na P Coertzen se werk *Gepas en ordelik* (1991:254-256). Dit is egter slegs 'n bepaalde historiese oorsig. 'n Tweede bydrae wat meer dien as reaksie op die standpunte van die Kerkreg van die Nederduitsch Hervormde Kerk word gevind in die proefskrifbespreking van Van Wyk deur Du Plooy (1991:839). Hierin word dit duidelik dat die beskouing van die Nederduitsch Hervormde Kerk as volkskerk steeds problematies is en veral staan teenoor beskouiinge van die kerk as vryekerk. Verskil bestaan steeds oor die belydenis as akkoord van gemeenskap en oor die outonomie van die

plaaslike gemeente, asook oor die vraag of dit plaaslike gemeentes of ampte is wat sitting neem op 'n meerdere vergadering.

Samevattend kan gestel word dat die navorsing op die gebied van die Kerklike Reg sedert 1957 gestrek het oor al die onderafdelings van die vak. In besonder het die navorsing beklemtoon dat die beginsels van die presbiteriaai-sinodale stelsel steeds bruikbaar is vir die Nederduitsch Hervormde Kerk. Dit het meegebring dat die Kerklike Reg in die teologiese fakulteit in besonder en in die Kerk in wyer verband behoorlik gevestig is as 'n selfstandige teologiese dissipline. Die feit dat die kerklike spanning wat in die tyd waarin Engelbrecht die vak hanteer het grootliks verdwyn het, het meegebring dat Pont aan die Kerklike Reg en sy grondslae as sodanig kon aandag gee. Waar Engelbrecht se belangstelling miskien meer rondom die geskiedenis van die Christendom gefokus het, het Pont besonder baie aandag aan die Kerklike Reg en sy implikasies vir die lewe en werk van die kerk geskenk. Die bewering kan gemaak word dat as na die geskrewe materiaal gekyk word, Pont meer op die gebied van die Kerklike Reg gedoen het, as in die geskiedenis van die Christendom. Tog bestaan daar ook die gevoel, veral wanneer sake van kerkregtelike aard tydens die Algemene Kerkvergadering ter sprake kom, dat die ampsdraers en lidmate van die kerk nie kennis geneem het van wat op die gebied van die Kerklike Reg oor jare gedoen is nie.

As voorbeeld hiervan dien die opmerking wat tydens die Algemene Kerkvergadering van 1986 gemaak is toe die verkleining van die vergadering ter sprake gekom het. Toe is aangevoer dat die bevolkingsaanwas gestagneer het en dat die vergadering om dié rede nie groter sal word nie, sodat verkleining dan onnodig blyk te wees. Tydens die 1989-vergadering toe dieselfde saak ter sprake gekom het was die argument weer dat die groot vergadering so gesellig is en dat almal mekaar op dié wyse kan leer ken. 'n Verdere voorbeeld is die uitspraak op die voorblad van die Hervormer van Februarie 1990 waar gepraat word van die opdragte van die Hervormde Kerk se hoogste vergadering. Die standpunt illustreer dat die beginsels van die verenigingsreg meer bekend is as dié van die Kerklike Reg.

Die neiging bestaan steeds om liewer langs die lyne van die verenigingsreg as die Kerklike Reg te dink en te doen in die kerk. Dat die kerk 'n eiesoortige gemeenskap is word nie so maklik verstaan en aanvaar nie.

In die Kerkreg het daar gedurende 1989 die doktorale proefskrif van Van Wyk verskyn, getiteld *Die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip met besondere verwysing na die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*, wat pas gepubliseer is. Die reaksie van Van der Westhuizen op die proefskrif in die Hervormer vanaf Maart tot November 1990 was 'n verblydende reaksie as aanduiding daarvan dat belangstelling in die vak bestaan by ander wat nie formeel in die Kerkreg verder studeer het

nie. Hier kan ook die bydraes van Botha ([1969]:106-131; [1972]:113-126; [1982]:30-44; 1990:528-541) met dank vermeld word. Hopelik sal daar in die toekoms nog studente na vore kom wat in die Kerkreg verder wil studeer.

Pont se werk word verder benadruk deur die verskyning van sy *Die historiese agtergronde van ons Kerklike Reg*, Deel 2. Dié werk skets die kerkregtelike verloop na en rondom die Algemeen Reglement van 1816. Die teks en bespreking van die Algemeen Reglement kom hierin aan die orde asook die vraag na die verhouding van die reglement met die Duitse Kollegialisme. Die tweede deel van die boek bespreek die kerkregtelike verloop aan die Kaap vanaf 1652 tot 1843, terwyl die derde deel die Voortrekkerkerk behandel vanaf 1836 tot 1852. Die waarde van hierdie publikasie is ook daarin geleë dat die leser sowel die teks as die bespreking van die verskillende reglemente wat hierin ter sprake kom, ter insae kry. Dit beteken dat drie handboeke beskikbaar gekom het vir die bestudering van die Kerklike Reg in die Nederduitsch Hervormde Kerk.

Pont se bydrae in die Kerklike Reg word verder duidelik wanneer na sy indrukwekkende lys van publikasies in tydskrifte en memoranda gekyk word. Daarbenewens het hy ook dikwels kerkregtelike advies aan vergaderings en ampsdraers gegee wanneer hy daarom gevra is.

Die kerk kan met groot dankbaarheid die kerkregtelike navorsing van Engelbrecht en Pont eer. Hulle grondige navorsing en toegewyde arbeid plaas 'n verswarende verantwoordelikheid op Pont se opvolger. Pont se uitspraak dat as in die kerk gewerk word ook die ontdekking volg dat nog in die wêreld verkeer word, is van betekenis. Daarom is die kerklike orde nooit 'n doel in sigself nie, maar slegs 'n middel tot 'n doel. Dit beteken ook dat die bestudering van die Kerklike Reg nooit as 'n afgehandelde saak beskou kan word nie, omdat die kerk 'n lewende dinamiese gemeenskap is wat nie binne strukture mag stol nie.

## Literatuurverwysings

Botha, S J [1969]. Die Kerkregtelike posisie van die Prokurasie-Kommissie in die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk. *HTS* 25/2, 106-131.

--- [1972]. Agtergronde van die Convent van Wezel (1568) en die Sinode van Emden (1571). *HTS* 28/3 & 4, 113-126.

--- [1982]. Die belydenis in kerkregtelike verband. *HTS* 38/2 & 3, 30-44.

--- 1990. Die ouderling en die regeervergaderings in die Nederduitsch Hervormde Kerk. *HTS* 46/4, 528-541.

Coertzen, P 1991. *Gepas en ordelik*. RGN-studies in metodologie. Pretoria: RGN.

De Wet, C J H 1921. Die kollegiale kerkreg. Doktorale proefskrif, Vrije Universiteit te Amsterdam.

Du Plooy, A le R 1991. Proefskrifbespreking. *HTS* 47, 839-844.

Engelbrecht, S P 1924. De algemeene kerk en de plaatselike gemeente. *Die Hervormer*, Maart 1924, bl v-vi.

--- 1945. *Neo-Calvinisme*. Pretoria: De Bussy.

Haitjema, Th L 1951. *Nederlands Hervormd Kerkrecht*. Nijkerk: Callenbach.

--- 1964. *De nieuwere geschiedenis van Neerlands Kerk der Hervorming*. 's-Gravenhage: Boekencentrum.

Kuyper, A 1883. *Tractaat van de Reformatie der Kerken*. Amsterdam: Höveker.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1964. Notule van die Algemene Kerkvergadering. Pretoria: NHKA.

--- 1967. Notule van die Algemene Kerkvergadering. Pretoria: NHKA.

--- 1989. Agenda van die Algemene Kerkvergadering. Pretoria: NHKA.

--- 1989. Kerkwet. Pretoria: NHKA.

Noordmans, O 1933. *De beginselen van het reorganisatieontwerp: Het reorganisatieontwerp*. Baarn: Bosch & Keuning.

--- 1984. Kerkelijk denken voorwaarde voor kerkorde, in *Verzamelde Werken V*, 430-485. Kampen: Kok.

Plomp, J 1971. De kerkorde van Emden, in Nauta, D, Van Dooren, J P & De Jongh, O J (reds), *De synode van Emden 1571-1971*, 88-121. Kampen: Kok.

Pont, A D [1970]. Die vermindering van die ledetal van die Algemene Kerkvergadering. *HTS* 26/1 & 2, 118-145.

--- [1973]. Tydelik-deeltydse predikante. *HTS* 28/1 & 2, 97-117.

--- [1977]. Skrif en Kerkorde – enkele opmerkings. *HTS* 33/1 & 2, 77-90.

--- [1978]. Waar begin en waar eindig die amp. *HTS* 34/3, 48-59.

--- 1981. *Die historiese agtergronde van ons Kerklike Reg*, Deel 1. Pretoria: HAUM.

--- [1982]. Die betekenis van die meerdere vergaderinge ten opsigte van hulle gesag, funksie en handelinge in die kerk. *HTS* 38/2 & 3, 104-135.

--- [1983]. Vyf en twintig jaar Kerkreg binne die ruimte van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. *HTS* 39, 18-31.

--- 1989. Die volkskerk: Die beoordeling van die memo van die NHKA deur die GKSA en die NGK, memorandum: Kommissie vir die gesprek met susterskerke. Pretoria.

--- 1990. Die kerkbegrip van ons kerk, Studiehandleiding: Die Kerk, Opsig en Tug. VTT 311, Universiteit van Pretoria.

--- 1991. *Die historiese agtergronde van ons Kerklike Reg*, Deel 2. Pretoria: KITAL.

Spoelstra, B 1989. Gereformeerde Kerkreg en kerkregering. Pretoria: V & R.

Van Ruler, A A 1947. Visie en vaart. Amsterdam: Holland.
Van Wyk, B J 1989. Die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip met besondere verwysing na die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.